



CLEAN AUDITS SINCE 2010/11



*Ons gee gestalte aan 'n beter toekoms!
We shape a beter future!
Sibumba ikamva elingcono!*

Lêer verw/ 15/3/3-9/Erf_3428
File ref: 15/3/4-9/Erf_3428

Navrae/Enquiries:
Me D N Stallenberg

19 Augustus 2022

Planscape
Posbus 557
MOORREESBURG
7310

Per Geregistreerde Pos

Meneer/Mevrou

VOORGESTELDE HERSONERING EN AFWYKING OP ERF 3428, MOORREESBURG

U aansoek met verwysing 296~3428-Mrb gedateer 14 Maart 2022 namens G J Romijn het betrekking.

- A. Die Munisipale Beplannings Tribunaal het op 'n vergadering gehou op 10 Augustus 2022 die aansoek om hersonering op Erf 3428, Moorreesburg, ingevolge Artikel 70 van die Swartland Munisipaliteit : Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8226 van 25 Maart 2020) afgekeur ;
- B. Die aansoek om afwyking van ontwikkelingsparameters op Erf 3428, Moorreesburg ingevolge Artikel 70 van die Swartland Munisipaliteit : Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8226 van 25 Maart 2020) is afgekeur
- C. **ALGEMEEN**
- (a) Die aansoeker/beswaarmaker van die besluit asook hul reg tot appèl, ingevolge Hoofstuk VII, Artikel 89 van die Verordening , ingelig word.
- D. Die aansoek om hersonering word vir die volgende redes afgekeur:
- (a) The vloeï van verkeer na en van die eiendom sal 'n steurnis vir eienaars van omliggende eiendomme veroorsaak;
- (b) Die geometriese uitleg van die straat is nie gunstig nie;
- (c) Die uitleg van die terreinontwikkelingsplan voldoen nie aan die ontwerpstandaard nie;
- (d) Onvoldoende inligting is verskaf om 'n ingeligte besluit te neem as gevolg van die gebrek aan inligting van 'n verkeersimpakstelling
- E. Die aansoek om afwyking van die ontwikkelingsparameters is vir die volgende redes afgekeur:
- (a) Die plasing van die skoolgebou sal nie die straatlandskap van 'n enkel residensiële buurt, met 'n straatboulyn van 4m, komplementeer nie
- (b) Die aansoeker het verkeerdelik aangedui dat die soneringsvereistes vir busparkering, 1 busparkeerplek vir elke 20 studente en nie vir elke 200 studente is nie;
- (c) Die hersonering van die eiendom word nie ondersteun nie dus kan die afwyking van die ontwikkelingsparameters nie ondersteun word nie.

Rig asseblief alle korrespondensie aan:

Die Munisipale Bestuurder
Privaatsak X52
Malmesbury 7299

Darling Tel: 022 492 2237

Tel: 022 487 9400

Faks/Fax: 022 487 9440

Epos/Email: swartlandmun@swartland.org.za

Moorreesburg Tel: 022 433 2246

Kindly address all correspondence to:

The Municipal Manager
Private Bag X52
Malmesbury 7299

Yzerfontein Tel: 022 451 2366

In terme van Hoofstuk VII, artikel 89(2) van Swartland Munisipaliteit : Verordening insake op Munisipale Grondgebruikbeplanning (PG 8226 van 25 March 2020) het u sowel as die beswaarmakers 'n reg om binne 21 vanaf datum van registrasie van hierdie skrywe aan die appèlowerheid van Swartland Munisipaliteit, teen die besluit van die Munisipale Beplanning Tribunaal appèl aan te teken.

Sou u besluit om te appelleer kan u aan die volgende adres skryf:

Die Munisipale Bestuurder, Swartland Munisipaliteit, Privaatsak X52, Malmesbury, 7299.

Let asseblief daarop dat indien die aansoeker/beswaarmaker wel appèl aanteken, 'n appèlfooï van R4 500-00 betaalbaar is. Die appèl moet vergesel word van die bewys van betaling en eers dan sal die appèl as geldig beskou word.

Hierdie besluit kan derhalwe eers van krag word sou daar na verloop van die toegelate appèltydperk geen appèlle ontvang word nie.

Die uwe



MUNISIPALE BESTUURDER

Per Departement Ontwikkelingsdienste

/ds

Afskrif : Die Munisipale Bestuurder, Weskus Distriksmunisipaliteit, Posbus 242, Moorreesburg, 7310